

Woensdag 23 Oktober

Skrifgedeelte: Esegïel 36:24-32

**Fokusgedeelte: Esegïel 36: 26-27
(1983-vertaling)**

Wedergeboorte – 'n nuwe lewe afgesonder vir God

Ons vergeet so dikwels wat ons, wedergebore kinders van God, se doel hier op aarde is.

Die Here se volk was op hierdie stadium in ballingskap. Die Here stuur sy profeet Esegïel om vir die oorblyfsel van die volk daar in Babilonië te sê dat Hy sy volk weer sou bymekaarmaak en na hulle land sou terugbring.

God red nie die volk omdat hulle skielik weer gehoorsame mense geword het nie, maar omdat die eer van sy eie Naam deur die ballingskap in gedrang gebring is. Israel se sonde en straf het die oorsaak geword van die ontheiliging van die Here se Naam onder ander nasies. God red die volk hier dus uit genade, en daarom gaan hulle gereinig word, 'n nuwe hart en gees ontvang – 'n hart van klip vervang met 'n hart van vlees. Sy Gees sal in hulle wees, sodat hulle gehoorsaam sal word aan al sy opdragte. Hierdie is die wedergeboorte wat God belowe in Christus deur die Heilige Gees.

God red ons as gelowiges vandag, nie omdat ons skielik gehoorsaam geword het nie, maar deur sy genade in Christus se sterwe en opstanding; en deur die Gees van Christus kry ons deel aan sy verlossingswerk en word ons opgeroep tot 'n nuwe gehoorsaamheid. Uit God se genade en deur die Heilige Gees moet ons in hierdie nuwe lewe afgesonder vir God lewe, deurdat ons elke dag uit dankbaarheid God se voorskrifte en bepalings gehoorsaam nakom.

Deur hierdie wedergeboorte word die beeld van God in ons herstel tot sy eer, en daarom is ons doel daagliks om nuut deur die Gees te lewe as getuies van toewyding en gehoorsaamheid aan God. Ons moet daagliks uit dankbaarheid ons lewens wy deur Bybel te lees en te bestudeer, te bid, kerk toe te gaan om saam met ons medegelowiges God te loof en prys, te werk tot eer van God se Naam, en in ons land God se eer te soek.

Sing: Skrifberyming 8-1:1, 2

Ds. AN du Plessis (Nikla) (Worcester)